Persverklaring

Automechanika - vooraanstaande handelskou
vir die motorbedryf
Johannesburg Expo Centre, 18 - 21 Maart 2009

Medianavrae:

Roger Houghton : Mediabestuurder
Tel: 011 476 7400
Faks: 086 505 8957
e-pos: houghtonr@mwebbiz.co.za
Web: www.automechanikasa.co.za

AUTOMECHANIKA SA SAL OORLOG VERKLAAR TEEN HANDELSNAAM- EN PRODUK-ROWERY

Die organiseerders van Automechanika Suid-Afrika, wat van 18 tot 21 Maart 2009 by die Expo-sentrum, Johannesburg, gehou word, sal oorgehaal wees om oorlog teen handelsnaam- en produk-rowery by hierdie eerste plaaslike onthulling van die gewilde Automechanika-handelsnaam te verklaar.

“Dit is een van die voorwaardes in ons kontrak om die byeenkoms aan te bied,“ het Philip Otto, direkteur van die skou, beklemtoon.

Handelsnaam- en produk-rowery is die naam wat gebruik word vir maatskappye wat handel dryf in vervalsings wat só soortgelyk aan die oorspronklike produkte is dat dit maklik is om die twee te verwar. Onwettige namaaksels doen inbreuk aan kopiereg, patentregte, handelsname, ontwerp-patente of geregistreerde nutsmodelregte en verbreek ook die skou se eie reëls.

Automechanika is die kroonjuweel van Messe Frankfurt, een van die grootste uitstal- en handelskou-orgainseerders ter wêreld, en voldoen as sulks aan die "Messe Frankfurt teen vervalsing”-inisiatief wat in 2006 begin is.

Automechanika is daarop uit om ’n regverdige sake-omgewing wat nie namaaksel duld nie aan sy klante te bied deur sy uitstallers inligting oor en steun met die sistematiese versekering van hul regte op intellektuele eiendom te verseker.

Altesaam 253 vals- of roof-onderdele is by vanjaar se Automechanika-handelskou in Frankryk in beslag geneem. Die meeste daarvan was van Egipte, China, Brasilië, Marokko en Korea. Daarbenewens het Duitste doeane- en aksynsamptenare nog 63 items in beslag geneem nog voordat dit by die Messe Frankfurt-skouterrein uitgekom het, wat ’n groot hupstoot vir die maatskappy se stryd teen vervalsing was.

Automechanika South Africa, 18 - 21 Maart 2009

Handelskoue is die bekendstellingsplatform vir nuwighede en neigings. Messe Frankfurt het as aanbieder van handelskoue regoor die wêreld ’n groot belang om sy uitstallers te beskerm teen handelsnaam- en produk-rowery sowel as die daaropvolgende regsproses wat teen oortreders ingestel word.

Messe Frankfurt het ’n bestendige afname in die aantal produkte aangekondig wat sedert 2006 deur doene-amptenare by sy skoue in beslag geneem word – ’n daling van 90% is by sommige individuele skoue aangemeld.

’n Mens moet egter ook onthou dat die aantal beheermaatreëls oor hierdie tydperk as deel van hierdie inisiatief aansienlik toegeneem het. Daar was ook ’n insiggewende styging in die aantal intellektuele eiendom-regte en ontwerp-patente wat in Duitsland oor hierdie tydperk uitgereik is.

Messe Frankfurt gaan selfs so ver as om besoekers en uitstallers by die skou te verbied om kameras saam te neem. Net die pers en amptelike fotograwe mag foto’s ingevolge die slagspreuk “Neem idees saam met jou, om foto’s van idees te neem is verbode”. Enige oortreding van hierdie reël, wat die gebruik van selfoonkameras insluit, sal daartoe lei dat veiligheidspersoneel op die toerusting beslag lê.

Messe Frankfurt, die eerste skou-organiseerder ter wêreld wat die probleem oor vervalsing in die openbaar bydam, werk nou saam met amptelike instellings en private inisiatiewe om die intellektuele eiendomsregte in die voertuigbedryf te beskerm.
Dit sluit in die Duitse kantoor vir patent- en handelsnaamregte en verskeie ander verwante organisasies in Duitsland en Europa.

’n Inligtingstalletjie onder die vaandel “Messe Frankfurt teen vervalsing” is by die meeste van sy byeenkomste beskikbaar, wat ook die geval met Automechanika Suid-Afrika 2009 sal wees. Buiten die verskaffing van die leersame “Messe Frankfurt teen vervalsing”-brosjure, sal die stalletjie by die Expo-sentrum beman word deur iemand wat in staat sal wees om ’n klaer wat ’n saak teen ’n ander uitstaller aanhangig wil maak, daarmee by te staan.

Automechanika South Africa, 18 - 21 Maart 2009

Messe Frankfurt het in samewerking met Microsoft Duitsland 'n interessante kompetisie – "Jou idees tel; niks is beter as die oorspronklike" – ingestel om maatskappye en die publiek aan te moedig om meer bewus te word van die behoefte om intellektuele eiendom te beskerm.

Pryse sal toegeken word aan maatskappye, instellings, organisasies, klubs of private individue wat 'n uitstaande bydrae tot hierdie stryd teen handelsnaam- en produkrowery lewer. Inligting oor die kompetisie is beskikbaar in die "Messe Frankfurt teen vervalsing"-afdeling op die webblad:
www.messefrankfurt.com of by www.microsoft.com/germany/dieidee.

Nog inligting is beskikbaar by:
Roger Houghton 011 476 7400 houghtonr@mwebbiz.co.za

Persverklaarings en fotos is elektronies beskikbaar by:
www.quickpic.co.za en www.automechanikasa.co.za